



## Kom en rus

In die verlede het televisiestasies net na middernag die volkslied gespeel en die uitsending beëindig. Nie nou meer nie. Deesdae word die na-nag met programme gevul. Enigeen wat daardie tyd nog op is, kan toegegooi word met oneindige nuusberigte, die weer en advertensies vir goetertjies wat u nie geweet het u nodig het nie. Selfs in klein dorpies is groot supermarkte dag en nag oop. Ons leef al hoe meer in ŉ 24/7-wêreld.

Sake-ure is besiger as ooit. Die gelyktydige verrigting van verskillende take is aan die orde van die dag. Selfs op die pad kan ŉ mens oproepe maak of antwoord, vir omie in Pofadder SMS, die aandelebeurs nagaan, na die nuus kyk, die telling van gister se rugbywedstryd in Nieu-Seeland kry en musiek of vidoes op die iFoon, Blackberry of Netboek aflaai.

Vir baie van ons het die agt-uur-werksdag by die werk die hele dag geword waar die kantoor, die onderneming en die wêreld ons binnekring binnedring. Vroeër of later kom ons egter tot die besef dat ons rus nodig het – nie totale niksdoen nie, maar ŉ verandering van pas; van die eindelose kommer oor die huidige aandelepryse en volgende kwartaal se minimum vereiste…na tydlose en ewige sake, soos 'n nuwe kyk na liefde, die gesin en ons plek in die heelal. Sokrates het gesê, “Die ongetoetste lewe is nie die moeite werd nie” en ons besef al hoe meer hoe waar dit is. Ons werk en beplan, strewe en verwerf, maar waarvoor? So lank ons toelaat dat ons betower word deur die strome data wat die lug om ons soos ŉ onsigbare waas vul, sal ons nie gaan sit en oor die werklik belangrike kwessies nadink nie.

Ons het nou by die plek gekom waar sakepublikasies soos die ‘Wall Street Journal’ ŉ oproep doen – kan u dit glo? – tot die terugkeer na ŉ Sabbat. In ŉ hoofartikel van 15 Junie 2007 stel Mollie Ziegler dit só: “Die negatiewe kant van die welvaart wat ons geniet, is dat ons ons rusdag verruil het vir nog ŉ verbruikersdag. Die pas van die handel en tegnologie bied allerhande opsies om die gesin, die godsdiens en rus te verontagsaam – nie net op die Sabbat nie, maar elke dag van die week.”

Die Sabbat verskaf die presiese teëmiddel vir vandag se inligting-oorlading en angskwale. Die Sabbat is ŉ toevlugsoord, bied rus, ŉ blaaskans van die voortgesette aktiwiteit en eindelose spervuur van ŉuus’.

Die Bybel leer dat God ons behoefte aan rus – en die herstelmaatreël – in die wese van die skepping ingebou het. “Maar op die sewende dag het Hy nie gewerk nie. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en Hy het dit ŉ gewyde dag gemaak.” Deur ná sy skeppingswerk te rus, het God ons van ŉ model en ŉ voorbeeld voorsien. In die Tien Gebooie stel Hy hierdie voorbeeld uitdruklik as bindend. “Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God.” Let op dat nie een van die tekste sê, “Werk vir ses van die sewe dae, en rus op een” nie. Dit sê uitdruklik dat die sévende dag die Sabbat is. Dié sewende dag, nie ŉ sewende dag nie. Daardie dag is Saterdag.

Saterdag? U is miskien geleer dat die Saterdag-Sabbat net vir die Jode by Sinaï gegee is. As dit so was, sou ŉie doodmaak nie’ en ŉie steel nie’ ook net vir die Jode gewees het. Dalk het u gehoor dat die Sabbat by die kruis afgeskaf is. Weer eens, dit sou beteken dat ons maar kon moor en steel – maar niemand sal dit aanvaar nie. U is miskien geleer dat ons op Sondag aanbid om die Here se opstanding te vier. Dit is beslis belangrik om Jesus se opstanding te onthou. Die Bybel sê egter nooit dat ons sy opstanding moet gedenk nie, maar wel sy dood (1 Kor 11:26).

Ons word aangesê om aan sy dood te dink - ŉ treffende ooreenkoms met die Tien Gebooie wat sê ons moet die Sabbat ‘gedenk’. Ons ontdek dat die enigste volle dag wat Jesus in die graf gerus het, die Sabbat was. Jesus se dood het nie met die Sabbat weggedoen nie, maar het dit eerder bevestig. Net soos Hy ná sy skeppingswerk op die sewende dag van die skeppingsweek gerus het, het Jesus ná sy verlossingswerk op die sewende dag van die verlossingsweek (‘Passieweek’) gerus.

Die meeste van ons hou nie van die konsepte van ‘gebooie’ of ‘gehoorsaamheid’ nie. In hierdie geval is dit egter dwaas. Stel u voor die dokter sê u moet met vakansie gaan. Dan sê hy dat hy ŉ vakansie vir u beplan hetom u diepste behoeftes te vervul. Dit is wat die Sabbat is. Jesus het self gesê, “Die Sabbat is vir die mens gemaak, nie die mens vir die Sabbat nie”. Dit beteken die Sabbat is nie iets willekeurigs wat ons laat les opsê nie – ons het genoeg daarvan die ander ses dae – maar eerder ŉ rus in alle opsigte geskik om in ons behoeftes te voorsien.

Hoekom dan nie Sondag of Dinsdag nie?
Hoekom Saterdag? Onthou, die skeppingsverhaal in Genesis vertel ons dat “God die sewende dag geseën en geheilig” het.

Wat beteken dit om “iets te heilig”? Toe Moses voor die brandende bos gestaan het, was hy op heilige grond. Wat het dit heilig gemaak? Die teenwoordigheid van God. God maak die Sabbat heilig deur op ŉ spesiale manier teenwoordig te wees.

“Wag ŉ bietjie”, sê u dalk, “is God nie elke dag teenwoordig nie?” Natuurlik. Dit is waar dat God orals teenwoordig is – maar Moses moes nie sy skoene orals uittrek nie, net by die brandende bos. Net soos in die geval van die Sabbat, was God teenwoordig by die brandende bos op ŉ manier wat verskil van hoe Hy orals teenwoordig is. Dié wat
Saterdag, die sewende dag, opsy sit om van hulle beroep te rus en saam met hul gesin vir God te ontmoet, kan waarlik getuig dat Hy op ŉ spesiale manier op daardie dag ervaar kan word.

As u ondersoek wil instel na die moontlikhede van die Sabbat, is daar mense naby u wat graag met u daaroor sal wil gesels. U kan ook meer hieroor op die web by www.glowonline.org uitvind. Soek gerus ook daar vir ander interessante en nuttige inligting.

*http://www.opinionjournal.com/taste/ ?id=110010216
Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel
Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**